Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Silumko Joka**
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Silumko.Joka@westerncape.gov.za | 021 467 2915

Lêerno.: 20/3/11/2
Verwysing: 20250120-9776

Eksamenadministrasieminuut: 0002/2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Vakadviseurs, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: Inklusiewe Gespesialiseerde Leerderopvoedingsondersteuning, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

**Onderwerp: Aanstelling van opsieners vir Mei/Junie 2025 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) en Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens en November 2025 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen**

1. Ingevolge die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 37651 van 16 Mei 2014, soos op 30 April 2019 gewysig, **moet die provinsiale onderwysdepartemente die prinsipaal van 'n skool as die hoofopsiener vir die NSS-eksamen aanstel**.

2. Prinsipale en sentrumbestuurders van leersentrums vir volwassenes mag hierdie verantwoordelikheid skriftelik aan 'n lid van die skoolbestuurspan (SBS) wat permanent in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) is, delegeer. Die prinsipaal/sentrumbestuurder sal egter uiteindelik volle verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die afneem van alle eksamens by hul skool/eksamensentrum aanvaar.

3. Die **senior opsiener** sal **SLEGS** as die **hoofopsiener** vir die NSS- en SS-eksamens wat in Mei/Junie 2025 afgelê sal word, dien. Die **prinsipaal** bly die **hoofopsiener** vir die eksamen in November 2025.

4. In November 2025 se NSS-eksamen word daar van die senior opsiener, wat 'n lid van die gemeenskap moet wees, verwag om toesig te hou oor en verslag te doen oor die bestuur, administrasie en afneem van die eksamen en die hoofopsiener met al die prosesse rakende die administrasie en afneem van die eksamens te ondersteun. **Onder geen omstandighede moet die senior opsiener volle verantwoordelikheid vir al die administratiewe take wat met November 2025 se NSS-eksamen verband hou, neem nie.**

5. Prinsipale/sentrumbestuurders van aangewese eksamensentrums/leersentrums vir volwassenes word versoek om, in oorlegpleging met die assesseringskoördineerders in die distrikte, op uiters nougesette wyse geskikte persone (volgens die kriteria in paragraaf 10) vanuit die gemeenskap as senior opsieners en opsieners vir die bogenoemde eksamens te werf.

6. Prinsipale/sentrumbestuurders van leersentrums vir volwassenes word versoek om SLEGS persone te werf wat aan die kriteria wat in paragraaf 10 aangedui word, voldoen.

7. Lede van die gemeenskap **mag nie** as opsieners aangestel word nie, en **sal nie** vergoed word indien hulle wel aangestel word nie, indien hulle:
   - voltyds of op kontrakbasis in diens van die WKOD is, bv. **administratiewe personeel by skole, koshuisouers/koshuispersoneel, versorgings- en ondersteuningsassistente, bibliotekarisse**, ens.;
   - uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement ontslaan is;
   - in 1996 'n vrywillige skeidingspakket aanvaar het;
   - weens swak gesondheid afgetree het;
   - ouer as 65 jaar is of 65 sal word of 65 is teen die eksamentyd; of
   - nie oor 'n geldige NSS-/SS- (matriek-) kwalifikasie beskik nie.

   **Let wel:** Indien enige lid van die gemeenskap wat in een van die bogenoemde kategorieë val, aangestel word, sal sodanige persoon nie vergoed word vir dienste gelewer nie.

8. Die prinsipaal/sentrumbestuurder of sy/haar afgevaardigde moet toesien dat die volgende bylaes wat by hierdie minuut aangeheg is, ingevul word en dat **gewaarmerkte afskrifte** teen die spertyd ingedien word:

   **KONTROLELYS – Opsomming van dokumente wat ingedien moet word:**
   **Bylae A** – Z83
   **Bylae B** – Nominasie en aanstelling van opsieners
   **Bylae C** – Opsomming van opsieners
   **Bylae D** – Z56-betalingsinstandhouding **(deur bank verteenwoordiger gestempel, heg bevestigingsbrief van bank aan, wat aandui dat bankbesonderhede korrek is)**
   **Bylae E** – Kontrak vir tydelike indiensneming van gemeenskapslede
   **Bylae F** – MIE persoonlike getuigskrif-openbaarmakingsvorm
   **Bylae G** – Bywoningsregister; dien **SLEGS** saam met die eisvorm in
   **Bylae H** – Belastingsertifikaat
   **Bylae I** – Matrieksertifikaat

   **Let wel: Die kontrolelys moet alle dokumentasie vir opsieners vergesel. Neem asseblief kennis dat slegs gewaarmerkte afskrifte aanvaar sal word.**

9. **Kontrolering van opsieners se geskiktheid**

9.1 Die prinsipaal/sentrumbestuurder of sy/haar afgevaardigde moet toesien dat alle opsieners ooreenkomstig Regulasie 57(1)(c) van die *Staatsdiensregulasies, 2016*, in *Staatskoerant* No. 40167 van 29 Julie 2016 gepubliseer, gesif en aangestel word.

9.2 Bylae F (MIE persoonlike getuigskrif-openbaarmakingsvorm) moet deur alle opsieners wat aangestel is, ingevul word vir:

- nagaan van misdaadagtergrond;
- bevestiging van burgerskap;
- bevestiging van kwalifikasies; en
- bevestiging van vorige indiensneming.

9.3 **Neem asseblief kennis dat Bylae F noodsaaklik is en volledig en eerlik ingevul moet word.**

10. **Kriteria vir die aanstelling van opsieners**

10.1 'n Persoon kan <u>slegs vir aanstelling</u> as hoofopsiener/senior opsiener/opsiener <u>oorweeg word</u> indien hy/sy:

(a) ten minste 23 jaar oud is, maar nie ouer as 65 jaar oud is nie;
(b) nie 'n kind/pleegkind het wat die eksamens skryf nie;
(c) nie 'n familielid of hoofversorger is van 'n kandidaat wat die eksamens aflê nie;
(d) nie die huweliksmaat of naasbestaande van die hoofopsiener is nie;
(e) 'n Suid-Afrikaanse burger is;
(f) ten minste oor 'n NSS-/SS- (matriek-) kwalifikasie beskik; en
(g) nie die ontvanger is van 'n vrywillige skeidingspakket nie.

10.2 Benewens die hoofopsiener, **moet een opsiener vir elke 30 kandidate aangestel word**. **Alle lokale moet ten volle benut word voordat 'n bykomende lokaal gebruik word.**

10.3 By sessies waar daar slegs 'n paar kandidate (minstens twee) is, sal die dienste van een opsiener voldoende wees. In sodanige gevalle sal die senior opsiener of hoofopsiener nie toesighoudende pligte verrig nie, maar verantwoordelik bly vir die bestuur van alle administratiewe take van die eksamensessie en 'n opsiener wat 'n kandidaat na die badkamer moet vergesel, aflos.

10.4 Die hoofopsiener moet seker maak van die korrekte en gepaste gender van die opsieners vir enige gegewe sessie. Die verhouding van manlike en/of vroulike opsieners tot manlike en/of vroulike kandidate per sessie moet vir elke sessie toegepas word.

10.5 Wanneer die dienste van bykomende opsieners benodig word om twee of meer eksamenlokale (per sessie) te hanteer, sal die hoofopsiener nie normale toesighoudende pligte verrig nie, maar sal versoek word om die pligte van 'n hoofopsiener by al die lokale te verrig.

11. **Nominasie van opsieners**

**Let wel:** **11.1** – Nominasie-inligting, **slegs vir Mei/Junie 2025 se eksamen**
**11.2** – Nominasie-inligting, **slegs vir November 2025 se eksamen**

11.1 **Mei/Junie 2025 se NSS- en SS-eksamens**

11.1.1 **Die prinsipaal/sentrumbestuurder moet toesien dat al die opsieners (100%) gemeenskapslede is.**

11.1.2 Die prinsipaal/sentrumbestuurder of sy/haar afgevaardigde sal as die hoofeksamenbeampte aangestel word en sal aanspreeklik wees vir die bestuur en administrasie van Mei/Junie 2025 se NSS- en SS-eksamens. Die senior opsiener (gemeenskapslid) moet die hoofeksamenbeampte bystaan met die afneem van Mei/Junie 2025 se NSS- en SS-eksamens. Die senior opsiener sal as hoofopsiener aangestel word.

11.1.3 Die prinsipaal/sentrumbestuurder moet gemeenskapslede wat as hoofopsiener en opsieners vir Mei/Junie 2025 se NSS- en SS-eksamens diens sal verrig, skriftelik nomineer.
**Let wel: Die prinsipaal/sentrumbestuurder moet die voorgeskrewe kriteria, wat in paragraaf 10 uiteengesit word, toepas wanneer gemeenskapslede gewerf en gekeur word.**

11.1.4 Die prinsipaal/sentrumbestuurder moet 'n persoonlike onderhoud met die persoon wat as senior opsiener genomineer is, voer om die genomineerde se lees-, skryf-, gehoor- en gesigsvermoëns te assesseer, asook die persoon se algemene gesondheidstoestand. Genomineerdes moet in staat wees om die eksameninstruksies duidelik te verstaan en in werking te stel.

11.1.5 Die prinsipaal/sentrumbestuurder moet 'n aanvaardingsbrief vir die senior opsiener onderteken wanneer hy/sy tevrede is dat die senior opsiener 'n geskikte persoon is wat in staat is om die vereiste pligte uit te voer.

11.1.6 Die hoofopsiener (prinsipaal/sentrumbestuurder/SBS-lid) en senior opsiener en alle aangestelde opsieners moet ingelig word dat hulle opleidingsessies vir opsieners wat deur die WKOD aangebied word, moet bywoon.

11.1.7 Die lys van alle gemeenskapslede wat as opsieners vir hierdie eksamens aangestel word, moet teen **Maandag, 17 Maart 2025** by die distrikskantoor ingedien word.

11.1.8 Die distrik se assesserings- en eksamenkoördineerder moet die nominasievorms wat van al die eksamensentrums ontvang is, insamel en dit in een versamelde pak teen **Maandag, 24 Maart 2025** by Hoofkantoor indien.

11.2 **November 2025 se NSS-eksamen**

11.2.1 Die prinsipaal/sentrumbestuurder moet seker maak dat, vir die NSS-eksamensessies, **50% van die opsieners opvoeders en 50% gemeenskapslede is**.

11.2.2 Die 50/50-verhouding van opvoeders tot gemeenskapslede wat **per sessie** as opsieners aangestel word, moet te alle tye gehandhaaf word. Hierdie verhouding **sluit nie** die senior opsiener in **nie**.

11.2.3 Opvoeders wat as opsieners diens doen, **hoef nie** op die rooster geplaas te word om vir die volle duur van elke eksamensessie toesig te hou **nie**.

11.2.4 Die prinsipaal/sentrumbestuurder moet daarom 'n rooster saamstel wat vir elke sessie voorsiening maak vir toesig deur opvoeders.

11.2.5 'n Opvoeder wie se kind/pleegkind die NSS-eksamen aflê **by die skool** waar hy/sy in diens is, **moet nie** as 'n opsiener aangestel word **nie**.

11.2.6 Dit is noodsaaklik dat 'n opvoeder nie toesig hou wanneer die vak geskryf word wat hy/sy by die skool onderrig nie.

11.2.7 Die prinsipaal/sentrumbestuurder moet alle opvoeders wat as opsieners tydens die NSS-eksamen diens sal doen, skriftelik aanstel. Die lys van al die opvoeders en gemeenskapslede wat as opsieners aangestel is, moet **op die laatste teen Maandag, 28 Julie 2025** by die distrikskantoor ingedien word.

11.2.8 Die distrik se assesserings- en eksamenkoördineerder moet die nominasievorms wat van al die eksamensentrums ontvang is, insamel en dit in een versamelde pak teen **Maandag, 04 Augustus 2025** by Hoofkantoor indien.

12. **Pligte van hoofopsieners, senior opsieners en opsieners**

12.1 Die pligte van hoofopsieners, senior opsieners en opsieners verskyn in die aangehegte **Eksamenprosedure-handleiding vir 2016** ***(Examinations: Procedure Manual, 2016)***.

12.2 Opsieners mag nie kandidate met enige onreëlmatige aktiwiteite tydens die afneem van 'n eksamen help nie. Die WKOD sal nie huiwer om 'n strafregtelike aanklag in te dien teen enige opsiener wat skuldig bevind word aan enige betrokkenheid by 'n onreëlmatigheid nie.

12.3 Hoofopsieners, senior opsieners en opsieners moet hul **identiteitsdokumente (ID's), mees onlangse akademiese rekords en aanstellingskontrakte** vir die duur van die eksamens by hulle dra.

12.4 Prinsipale/sentrumbestuurders moet 'n opsienerrooster opstel en dit aan die betrokke kringbestuurder voorlê sodra aanstellings van opsieners goedgekeur is.

12.5 Die opsienerrooster moet opsieners en aflos-opsieners vir elke eksamensessie insluit.

## 13. Opleiding van opsieners vir die NSS- en SS-eksamens

13.1 Die **verpligte opleiding** vir prinsipale/sentrumbestuurders, hoofopsieners, senior opsieners en gemeenskapslede sal tweeledig van aard wees.

13.2 Die WKOD sal 'n skakel – met 'n opleidingsaanbieding wat vooraf opgeneem is – via Google aan eksamensentrums stuur. Distrikte moet toesien dat die opleiding tussen **Augustus en September 2025** plaasvind.

13.3 Een kontaksessie sal vir nuwe eksamensentrums of sentrums waar die eksamen vir die eerste keer afgeneem word, en/of vir nuwe prinsipale/sentrumbestuurders gereël word. Die datum sal te gelegener tyd gekommunikeer word.

13.4 Dit is noodsaaklik dat alle aangestelde hoofopsieners, senior opsieners, gemeenskapslede en opvoeders opleiding oor die bestuur en afneem van die eksamens ontvang.
**Let wel: Daar moet 'n ondertekende en gedateerde bywoningregister by elke opleidingsessie wees.**

13.5 Senior opsieners wat **binne 'n 75 km-radius** van die skool of sentrum af woon waar die opleiding plaasvind, **sal vir een bykomende sessie betaal word** om vir reiskostes te vergoed.

13.6 Senior opsieners wat **verder as 75 km** van die opleidingslokaal af woon, sal vir **twee bykomende sessies** betaal word om vir reiskostes te vergoed.

13.7 Prinsipale/sentrumbestuurders moet seker maak dat alle opvoeders en gemeenskapslede wat as opsieners aangestel is, volledig opgelei is vir die uitvoering van hul pligte as opsieners.

13.8 Prinsipale/sentrumbestuurders en hoofopsieners **moet** die opleiding afwentel na alle opsieners wat nie 'n opleidingsessie by Hoofkantoor/distrikskantoor bygewoon het nie.

13.9 Opleidingsregisters moet op skoolvlak as bewys ingevul word en moet die datum en lokaal van die opleiding aandui, asook die name van die opsieners wat die sessie bygewoon het.

14. **Nominasie en goedkeuring van hoofopsieners, senior opsieners en opsieners vir alle eksamens**

14.1 Aansoekers **moet Bylae A (Z83) invul** en die prinsipaal/sentrumbestuurder **moet Bylae B invul**. Die kringbestuurder sal die genomineerdes verifieer en aanbeveel en hierdie dokumente na die assesserings- en eksamenkoördineerder aanstuur vir indiening by Hoofkantoor vir finale goedkeuring en aanstelling. **Bylae C (Opsomming van opsieners)** moet dan deur die prinsipaal/sentrumbestuurder ingevul en onderteken word.

14.2 **Bylae G (Bywoningsregister)** moet deur die prinsipaal/sentrumbestuurder ingevul en onderteken word om die getal sessies wat afgehandel is, te bevestig.

14.3 Die nominasie van senior opsieners moet vergesel word van gewaarmerkte afskrifte van elke genomineerde se ID, 'n curriculum vitae van een bladsy en sy/haar akademiese kwalifikasie(s), **wat 'n matrieksertifikaat moet insluit**.

14.4 Aansoekers of genomineerdes wat elders om 'n voltydse betrekking aansoek gedoen het, moet verkieslik nie vir aanstelling oorweeg word nie.

14.5 Slegs 'n persoon wie se aanstelling deur Hoofkantoor goedgekeur is, mag die pligte van 'n opsiener uitvoer. Opsieners mag onder geen omstandighede plaasvervangers vir enige deel van hul werk aanstel nie. Personeel wat deur die beheerliggaam in 'n ad hoc- of permanente betrekking aangestel is, moet aan die minimum kriteria vir opsieners uit die gemeenskap voldoen om eksamenverwante pligte of opsieneraktiwiteite te kan verrig.

14.6 Indien omstandighede 'n hoofopsiener, senior opsiener of opsiener verhoed om tydens 'n eksamen toesig te hou, moet die prinsipaal/sentrumbestuurder, in oorleg met die kringbestuurder, reëlings tref vir die aanstelling van 'n plaasvervanger, en die Direktoraat: Eksamenadministrasie moet onmiddellik van die verandering ingelig word. Plaasvervangers moet ingevulde **Bylaes D en H** indien. **Neem asseblief kennis dat slegs gewaarmerkte afskrifte aanvaar sal word.**

15. **Dienskontrak**

Alle hoofopsieners, senior opsieners en opsieners moet bereid wees om 'n dienskontrak met die WKOD oor hul pligte en verantwoordelikhede gedurende die eksamens aan te gaan. **Let asseblief daarop dat 'n dienskontrak vir elke eksamen opgestel, ingevul en ingedien moet word. Vir Mei/Junie 2025 se eksamen, moet die dienskontrakte teen 17 Maart 2025 ingedien word, en/of vir November 2025 se eksamen moet dit teen 28 Julie 2025 ingedien word.**

16. **Indien van nominasievorms**

16.1 Ná die verifiëring van **Bylaes A tot H,** moet die assesserings- en eksamenkoördineerder dit saam in een ingesamelde pak by die toepaslike amptenaar, soos hieronder aangedui, indien:

**LW: SLEGS GEWAARMERKTE AFSKRIFTE SAL VIR VERWERKING AANVAAR WORD.**

| **Distrik** | **Verantwoordelike amptenaar** | **Tel. no.** |
|---|---|---|
| Hoofkantoor | Gideon Dilgee | 021 467 2941 |
| Metro-Noord | Johnnie Isaacs | 021 467 2974 |
| Metro-Sentraal | Toni Masela | 021 467 2937 |
| Metro-Suid | Margaret Janda | 021 467 2441 |
| Metro-Oos | Silumko Joka | 021 467 2519 |
| Weskus<br>Overberg | Robin Jacobs | 021 467 2940 |
| Kaapse Wynland | Deseré Rhode | 021 467 2732 |
| Eden en Sentrale Karoo | Miche van Schoor | 021 467 2914 |

16.2 **Opsomming van voorleggingsdatums vir nominasievorms van opsieners:**

(a) Mei/Junie 2025 se NSS- en SS-eksamens: **Maandag, 17 Maart 2025**
(b) November 2025 se NSS-eksamen: **Maandag, 28 Julie 2025**

17. **Besoldiging van opsieners**

17.1 Die WKOD sal opsieners uit die gemeenskap ooreenkomstig die Personeeladministrasiemaatreëls, in *Staatskoerant* No. 46879 van 09 September 2022 gepubliseer, aanstel en besoldig.

17.2 **Onafhanklike skole, kolleges en gevangenisse is verantwoordelik vir die besoldiging van hul eie opsieners.** Prinsipale van onafhanklike skole, hoofde van kolleges en gevangenisse moet egter daarop let dat dit **verpligtend** is om **Bylaes A, B, C en E in te vul en gewaarmerkte afskrifte van ID's en matrieksertifikate van opsieners te verkry en dit aan die WKOD terug te stuur**, selfs al word die opsieners van hierdie inrigtings nie deur die WKOD betaal nie.

17.3 **Onafhanklike skole, kolleges en gevangenisse** moet aan die aanstellingskriteria wat in paragraaf 10.1 uiteengesit word, voldoen, en mag nie daarvan afwyk nie.

17.4 **Staatsdienspersoneel en opvoeders (op kontrak en permanent)**, wat 'n **salaris van die WKOD** ontvang en ook **as opsieners diens doen**, **sal NIE** deur die WKOD vir opsienerpligte **besoldig word nie**. Verwys asseblief na paragraaf 7.

17.5 Die huidige tarief (onderhewig aan verandering) vir toesighouding is **R310,00 per sessie vir 'n senior opsiener** en **R230,00 per sessie vir 'n opsiener**.

17.6 **Opsieners sal onder geen omstandighede vir reiskoste wat ten opsigte van die uitvoer van opsienerpligte aangegaan is, vergoed word nie.** Prinsipale/sentrumbestuurders moet dus opsieners vanuit die onmiddellike gemeenskap wat deur die skool of sentrum bedien word, aanstel.

17.7 Die regulasies (IRP10) oor die betaling van werknemerbelasting bepaal dat alle salarisse van persone in deeltydse indiensneming onderhewig aan 'n belastingaftrekking van 25% is. Die WKOD sal dus **25% belasting aftrek van die bedrae wat aan opsieners betaal word vir die dienste wat gelewer is**. **Dus is die indien van 'n belastingaanwysing vir werknemers (IRP3) nie meer van toepassing nie.**

17.8 Opsieners wat kwalifiseer vir vrystelling of gedeeltelike vrystelling van die betaling van werknemerbelasting moet (ná ontvangs van 'n IRP5-sertifikaat) die sertifikaat saam met die voorgeskrewe IT12 S-vorm aan hul plaaslike kantoor van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorlê. IRP5-sertifikate sal in Junie of Julie van die jaar ná hul tydperk as opsieners per koerier aan skole gestuur word.

17.9 Om die uitbetaling van opsieners se eise te bespoedig, moet elke senior opsiener of opsiener sy/haar **ID-nommer** op die aanvaardingsvorm skryf en 'n gewaarmerkte afskrif van sy/haar identiteitsdokument aanheg. **Bylae D**, wat ook die **belastingverwysingsnommer** weergee, moet deur **alle senior opsieners en opsieners uit die gemeenskap** ingevul word. Hierdie vorm moet ingevul en as korrek gewaarmerk word en die bankrekening moet deur die betrokke bank as aktief verklaar word. **Let wel: Opsieners moet toesien dat hul bankrekeninge aktief bly.**

17.10 Opsieners wat voltyds of op kontrak in diens van die WKOD is, wat 'n vrywillige skeidingspakket aanvaar het of uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement ontslaan is, sal op die PERSAL-stelsel geblokkeer word en sal nie besoldig word vir dienste gelewer nie.

18. Maak asseblief seker dat 'n afskrif van hierdie minuut aan die prinsipaal/sentrumbestuurder of sy/haar afgevaardigde, die senior opsiener en elke bykomende opsiener oorhandig word.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2025-02-21